D P COHEN N.O.

8 JUNE 2018

AAN DIE BELEGGERS

Geagte Meneer / Me.

OMSENDSKRYWE VAN BELEGGERS IN TERME VASN DIE RËELINGSKEMA TUSSEN ORTHOTOUCH BPK EN DIE HIGHVELD SYNIDCATION BELEGGERS IN TERME VAN ARTIKEL 155 CVAN DIE MAATSKAPPYE WET, WET 71 VAN 2008 (SOOS GEWYSIG)

Opvolgend tot my onlangse skrywe van 15 Mei 2018 en van die daaropvolgende omsendskrywe van 29 Mei 2018, reporteer ek soos volg:

1. Deels, as gevolg van my aanmaning aan Zephan/Orthotouch is die rente tydig betaal op die 7de Junie 2018 soos voorgeskryf deur die skema aan beleggers wat die skema steun, maar tot uitsluiting van die beleggers wat in hofsake betrokke is of aan HSAG behoort. Laasgenoemde se betalings word in trust gehou deur 'n onafhangklike Prokureur van my keuse en onderworpe aan my opdragte. Hierdie fondse en die rente daarop sal mee gehandel word teen afhandeling van die sake. Ek verwag dat Zephan die belanse verskuldig aan die alternatief 2 beleggers sal betaal asook dat die alternatief 3 opsie teen 30 Junie 2018 finaliseer sal word. Ek het hierna verwys in my omsendskrywe van die 15de Mei 2018 en dit is gedek deur my aanmaningsbrief.

2. Dit is belangrik dat ek kommentaar lewer oor my onafhanglikheid. Op 31 Mei 2018, het die HSASG (onderleiding van Mnr J Theron) 'n verklaring uitgereik wat kwetsend en onwaar was. Ek haal aan "*it is common knowledge that Mr Cohen is speaking on behalf of Mr Georgio*".

   Bo-en behalwe voorgaande het 'n ene advokaat Bolt (wie soos Theron vir sekere litegante optree) op Radio Sonder Grense insinueer dat ek onder die invloed van Mnr Georgio is. Advokaat Bolt se kliënte het soortgelyke verklarings gemaak in hof stukke waarin hy optree as die advokaat.

   Dat die verklaring onwaar is, is ooglopend duidelik. As ek onder Mnr Georgio se invloed was, sou ek nooit deur my prokureurs aanmaningskrywes aan Zephan/Orthotouch gerig het nie.

Dit is 'n jammerte dat sogenaamde "profesionele" persone soos Mnre Theron en Bolt persoonlike aanvalle rig en wanopvattings versprei ten opsigte daarvan dat geen gronde of bewyse daarvoor bestaan nie.

3. Om verwarring te vermy, vestig ek dat ek nie met die HSBF of enige ander groep assosieer nie. Hierdie groepe staan onafhangklik van my as die deur die hof aangestelde, ontvanger.

4. Op die 14de June 2018, doen ek weereens aansoek om tussenbeide te tree in 'n likwidasie aansoek wat geloods is deur 'n Mev S M Pretorius (verteenwoording deur Advokaat Bolt) teen Zephan (wie die skema finansieël onderskryf). Dit is belangrik, vir die integriteit van die skema om hierdie die liwidasie aansoek te opponeer. Ek sal na afloop van die aansoek weer aan u verslag doen.

   Interessant genoeg, is Mev Pretorius getroud met 'n voormalige makelaar van Pretoria, 'n ene Mnr Jan Pretorius. Ek verstaan dat dit nodig is dat die Finansiele Dienste Raad (FDR) behoort ondersoek intestel onder andere of die voormelde Mnr Pretorius se beleggings advies aan sy kliëente om in die Highveld Syndiation skemas te belê, voldoen aan alle vereistes. Alle beleggers word aangemoedig om die FDR se Ombudsman belas met fiansiele diense te kontak en te versoek dat die optrede van hulle adviseurs ondersoek word sonder versuim. Mev Pretorius het in sosiale media houe na my gemik, weereens kwetsend van aard, maar sonder 'n gryntjie waarheid of bewys daarvan.

5. Rig asseblief alle navrae aangaande die skema aan admin@orthotouch.co.za. U word afgeraai om griewe in die openbaar te lig. Dit is baie beter om direkte kontak met ons te maak deur voormelde epos adres.

Die uwe

D P COHEN N.O.
Receiver